# 23 Maart 2024 - Lesing 269 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

Die individualiteit van die siel - deel 2 (deel 1 = 5063) **–** 5/3/62

NO: 8117 Ek wil julle nogmaals ‘n opheldering oor die siel gee, sodat dit heeltemal duidelik vir julle kan word. Van die geestelike, wat Ek die lewe gee, dit wil sê, wat Ek as iets wesenlik buite Myself geplaas het, **kan julle die individualiteit nie ontken nie**. Dit was ‘n wese, na My ewebeeld geskape. Hy was as heeltemal **afsonderlik** deur My in die oneindigheid geplaas, hy was **selfbewus** en het homself herken, dus ook as ‘n **denkende wese met ‘n vrye wil**.

**Hy was ‘n miniatuur van Myself** en in verhouding met My Oervolheid was hy so nietig, sodat daar wel van ‘n **vonkie uit die vuursee van My Liefdeskrag** gepraat kan word. En tog het hy ‘n eie individualitet gehad **waardeur hy oor homself kon beslis**, behalwe dat hy voortdurend deur die toestroming van My Liefdeskrag met My verbonde was, wat egter die wese self op geen enkele wyse gehinder het nie.

**Hy was vry en vol lig en krag**. Hy was ‘n goddelike skepsel wat in hoogste volmaaktheid uit My voort-gekom het, wat dus ook op geen enkele manier ‘n beperking van My kant af ondervind het nie. Elke begrensing of beperking van sy lig en krag **het hy homself aangedoen,** omdat hy vry oor homself kon beslis.

En dieselfde geld ook vir alle geestelike wesens wat die eerste geskape gees met gebruik van My Krag in die lewe geroep het, deur sy vrye wil. Hulle was net so hoogs volmaak en elke wese was van homself bewus, dus ‘n afsonderlike wese wat op sigself geplaas in alle selfstandigheid in die geesteryk en in vrye wil kon werk. Geen wese was dus deur dwang aan My en My Wese gebonde nie. Elke wese het hom vry en op sigself beweeg te midde van geestelike skeppings en was onmeetlik salig.

Wanneer daar nou dus oor ‘n “val van die geeste” gepraat word, die afsinking van die oergeeste in die diepte, dan is dit so te verstaan dat **die wesens hulleself verset het om die uitstraling van My Liefde aan te neem**, dat hulle die kragstroom van My Liefde afgewys het, wat onafgebroke van My uitgaan en alles deurstroom met lig en krag.

Hulle het My Gees van Liefde nie meer aangeneem nie en het hulself vrywillig van My geskei, maar kon tog nooit vergaan nie, **omdat hulle van My uitgestraalde Liefdeskrag was en dit ook sal bly tot in alle ewigheid.**

Elke gevalle oergees was ‘n wese op sigself, **met ‘n eie “individualiteit”** en dit bly hy ook tot in alle ewigheid. Hy het homself verwyder van die Ewige Lig, van die Oerbron van Krag en word daardeur totaal sonder lig en krag.

Maar tog bly hy ‘n oergees, **die wese wat eens in hoogste volmaaktheid van My uitgegaan het**.

En al vind die eindelose lang proses van die terugbring van die geestelike na My plaas, **waarby die wese opgelos is en in sy partikeltjies deur alle skeppings moet gaan,** - al hierdie partikeltjies versamel hulself weer en vorm in eindelose lang periodes **weer die selfbewuste wese, die gevalle oergees**, sodat hy kort voor sy voltooiing as siel van ‘n mens **weer vry kan kies** of hy wil terugkeer na die ryk van die geluksaligste geeste, of sy terugkeer weer eindeloos wil verleng deur sy eie weerstand.

Dog die selfbewuste wese, - die mens – **berg as siel in haarself hierdie eens deur My geplaaste gees** wie altyd en ewig **dieselfde individu sal wees** en bly, wie eens uit My voortgekom het. Hy was volmaak en kies uit vrye wil die diepte, maar hy vergaan nie.

Hy is en bly ewig die selfbewuste wese, met uitsondering gedurende die werk van die terugvoering deur die skepping, waarin die selfbewussyn hom ontneem word, **waarin hy opgelos word en in gebonde toestand die weg van opwaarts gerigte ontwikkeling moet gaan.**

En of die wese nou ook meermale die weg deur die skeppings van die aarde moet gaan, **steeds sal hy dieselfde selfbewuste wese bly** wat homself eens van My afgekeer het, wat My Liefdeskrag afgewys het en sodoende uit vrye wil die skeiding met My voltrek het, - wat egter nooit kan plaasvind nie, omdat alles wat uit My voortgekom het, onlosmaaklik met My verbonde is.

Dus moet die “afval van die geeste”, ook letterlik opgeneem word. Wat Ek uitgestraal het as selfbewuste wesens het geval, omdat Ek dit nie verhinder het nie, omdat hulle in vrye wil oor hulleself kon beslis. En hierdie geestelike wese moet weer in **hoogste volmaaktheid** na My terugkeer as hy homself weer met My wil verenig, om dan vir ewig onvergelykbaar geluksalig te wees.

Want sodra Ek die wese weer met My Liefde kan bestraal, het hy ook weer na sy oertoestand teruggekeer. Maar altyd bly hy bewus van sy individualiteit. **Hy is innig met My versmelt** en tog ‘n vrye wese wat ewenwel heeltemal in My Wil opgegaan het **en daarom ook met My kan skep en werk en onmeetlik salig kan wees**. Amein.